JANUARY 2021

CLF JANUARY 2021 UPDATE

'N GESEËNDE EN VOORSPOEDIGE 2021
A BLESSED AND PROSPEROUS 2021

WAT HET DIE ONTWRIGTING VAN 2020 ONS GELEER?

Dr Eddie Orsmond is die voorsitter van die CLF se Publikasiekomitee en ondervoorsitter van die Beheerraad. Hy is ten nouste betrokke by die beplanning van werksaamhede en die gladde funksionering van die CLF. Die redaksie van die Nuusbrief het hom versoek om na te dink oor enkele lesse wat ons besig is om te leer. Hy antwoord:

Die aanvanklike reaksie op die pandemie en inperkingsmaatreëls was tegnies en funksioneel van aard. Ons het vinnig besef ons moet op ander wyses funksioneer en ons kundigheid van die tegnologie en die internet uitbrei en nuut ontplooi. Ek was verras oor hoe vinnig baie mense aanpassings gemaak het en hoe flink nuwe werkswyses ontwikkel is.

In aansluiting by die vermoë om nuwe kapasiteit en werkswyses te ontwikkel, het ‘n sterk dryf na innovasie (nuwe maniere van dink en doen) deel geword van die daaglikse hantering van sake en take. Die innovasie-dryf het die tempo van mense se daaglikse lewe erg versnel en verswaar. Teen die einde van 2020 was baie mense uitgeput vanweë elektroniese kommunikasie en vergaderings, asook voortdurende innovasies.

Die verstommende vermoë van die sisteem om die uitdagings van ‘n abnormale jaar te hanteer, het mense aangespoor om die einde van die jaar met verlange in te wag. Die hoop het gegroei dat die pandemie sal afplat en dat die nuwe jaar met minder pyn en ontwrigting sou begin. Die teendeel blyk egter eerder waar te wees en skielik – van rondom Kersfees 2020 af – hoor ons van familie en vriende wat siek word en sterf. Die virus het nader gekom; nie gewyk nie.

Een van die belangrike waarnemings wat ek persoonlik gemaak het is dat tyd en tydsbegrip op ‘n nuwe manier by my kom aanmeld het. Covid-19 is nie ‘n 24-uur “bug” nie. Ons sal moet leer om in die oomblik te leef sonder die verwagting dat onaangename en moeilike kwessies binne ‘n beheerde tydsraamwerk uitsorteer sal word. Langafstand fiksheid en vaardighede is klaarblyklik ons voorland.

Gemeenskap met God en mede-gelowiges het ook ‘n nuwe dimensie gekry. Geloofspatrone en -praktyke wat in die voorafgaande jare ontwikkel en ingeoefen is, kon skielik nie meer saam met ander beoefen word nie. God se gesig het verander en my broers en susters het afstandelike identiteite (daar ver) geword.

Die opleiding en vorming van studente het ook in 2020 nuwe vorme aangeneem. Plek en ruimte wat die konteks veronderstel vir akademiese vorming en vaardigheidsontwikkeling, moes plek maak vir aanlyn-onderrig en herhaling van video aanbiedinge. Plek, ruimte en liggaamlikheid het nuwe betekenis begin kry.

Hierdie veranderinge sal ook weerspieël moet word in hoe CLF in die nabye toekoms funksioneer en op watter soort produkte en inhoud ons gaan fokus.

Agter vlnr: Eleanor Steenberg, Christelle Fourie, Berlisé Louwrens
Voor vlnr: Charmaine Stoffberg, Hilton Maurice, Ina Willemse, Liz Retief

DANKIE

Aan elke CLF donateur en ondersteuner, baie dankie! CLF sou nie sonder julle hulp die boot op die water kon hou gedurende 2020 nie.

Dit was 'n moeilike en uitdagende jaar vir die Christelike Lektuurfonds, maar so ook vir elkeen van ons donateurs, veral weens ekonomiese en finansiële faktore. Ons is daarom soveel te meer dankbaar vir julle voortgesette ondersteuning; dit dra by tot die volhoubaarheid van ons organisasie.

Ons gebed is dat julle deur ons Hemelse Vader beskerm en geseën sal word om saam met CLF steeds die Boodskap van die Bybel na ander, in hulle eie taal, te neem.

Ons grootste waardering ook vir die CLF personeel wat in die moeilike jaar bereid was om groot aanpassings te maak. Nuwe tegnologieë moes aangeleer word; nuwe prosesse en werkswyses moes gevolg word en personeel moes innoverend dink om vinnig by 'n veranderende wêreld aan te pas. Die personeel het hulself goed van hul taak gekwyt om nuwe vaardighede aan te leer, werk "inhuis" te doen en om die digitale kanale effektief te gebruik. Tuiskantore, roterende werkskedules en Zoom-vergaderings was aan die orde van die dag. Niks kon egter hierdie dinamiese span onder kry nie en stap hulle 2021 met groot durf en hoop in.

CLF het ondanks die pandemie en inperking tydens 2020, steeds 11 nuwe publikasies die lig laat sien, 'n reeks gratis hulpbronne ontwikkel by name "COVID-19: Gereedskap vir pastorale sorg", 'n spesiale webjoernaal reeks ontwikkel, nuwe pamflette gedruk en verskeie laat herdruk.

CLF het ook hul webtuiste in twee aparte, dinamiese domeine verdeel om sodoende die gratis hulpbronsentrum en die e-handel (aanlyn winkel) vinniger en meer effektief te laat funksioneer.

CLF se Dankbaarheidsprojek het ook reeds aan meer as 50 gemeentes R10 000 elk vir voedselhulp oorbetaal. Die balans van die 100 gemeentes sal oor die volgende 6 maande hulle voedselhulp ondersteuning ontvang.

Nuwe produkte van 2020



CLF GROET MABEL

CLF groet 'n wonderlike vrou, ouma, suster, vriendin en kollega, Mabel Willemse wat op 17 Desember 2020 skielik oorlede is.

"Sy het altyd ander se behoeftes bo haar eie gestel. Ons gaan haar aansteeklike lag baie mis!"
"Mabel, jou heengaan word diep betreur, maar ons is dankbaar vir jou tyd saam met ons. Rus in vrede."
"Ek brand 'n denkbeeldige kers vir hierdie vrou wat bykans 15 jaar lank deel was van my CLF-lewe. Jy kan nou elders rus, Mabel. En weer langs Ben sit. Ek sal jou mis."
"Al was ons tydjie saam maar kort, sal ek jou sagte hart en mooi lag altyd onthou. Jy laat 'n leemte by jou CLF familie."



GRATITUDE PROJECT - 'THE WORD AND BREAD'

‘The Word and bread’ to Sithokozile Orphan’s Day Care, through the DRC Merensee

Sithokozile Orphan’s Day Care, through the DRC Merensee was one of the 10 organisations in the third group that received R10 000 towards food aid.

Sonto Nxumalo wrote to CLF: “We as Sithokozile Orphan’s Day Care would like to thank you for the donation made to the Centre. The donation made a big difference to the lives of these small innocent souls! May God bless you abundantly.”

“What good is it, my brothers and sisters, if someone claims to have faith but has no deeds? Can such faith save them? Suppose a brother or a sister is without clothes and daily food. If one of you says to them, “Go in peace; keep warm and well fed,” but does nothing about their physical needs, what good is it? In the same way, faith by itself, if it is not accompanied by action, is dead.” James 2:14-17

DANKBAARHEIDSPROJEK - 'WOORD & BROOD'

“Woord en brood” aan Kamcare – Social and Training services

Kamcare was in die vierde groep van tien instansies vir wie CLF met R10 000 vir voedselhulp kon ondersteun.

Liezel Landman, bestuurder by Kamcare skryf aan CLF: “Kamcare staan vir Kameeldrif gee om, en dit is juis wat ons hier by Kamcare probeer uitleef. Vir verskeie redes sal die jaar 2020 onthou word, maar ons hier by Kamcare sal die jaar onthou as een waar gesinne en besighede se harte oopgegaan het om ‘n verskil aan behoeftige mense se nood te maak.

Kamcare het hierdie jaar, tydens die inperking, ongeveer 13 400 mense gehelp met kos. 1600 kospakkies is uitgegee, 1000 groot groentepakke is uitgegee en dan het ons voedingskemas wat ontstaan het tydens die inperking bygestaan met groter skenkings, daaruit alleen het meer as 3000 mense baat gevind vir ‘n hele klompie maande. Mense is gehelp vanaf Eersterust, Noordelike dele van Pretoria tot in Pretoria-Wes, met baie dankbare harte.

Dit was dan ook ons voorreg om in Desember, net toe ons koskas leeg was, ‘n skenking by die Christelike Literatuurfonds te ontvang. Manna uit die hemel. Met hierdie skenking kon ons verskeie gesinne bedien met groter pakkies kos wat hulle deur Desember kan dra. So baie dankie aan CLF, ons waardeer julle betrokkenheid ongelooflik baie!”

U kan meer oor Kamcare uitvind by www.kamcare.org

BOEKBEKENDSTELLING - PREDIKANTSVROU ÉN VROU IN EIE REG

Die boekbekendstelling van "Predikantsvrou én vrou in eie reg" het op 16 Desember 2020 te Okasie Johannesdal plaasgevind.

Benita Nel skryf: "One of the highlights of this year - recognised by many as an historic moment indeed, was when we as 24 authors launched our book. Women in their own right, and also married to URCSA ministers. We want to acknowledge so many key partners who made this dream a reality. Here's some glimpses of the moment we launched our dream."

Koop die boek aanlyn of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za.
https://shop.clf.co.za/product/predikantsvrou-en-vrou-in-eie-reg/

GRATIS HULPBRONNE

CLF se hulpbronsentrum bevat gratis gereedskapstukke oor verskillende aktuele kwessies, predikantmateriaal, preke, toerusting vir gemeenskappe, oordenkings en vele meer.

www.clf.co.za



PUBLIKASIES AANLYN TE KOOP

Besoek ons e-handel webtuiste en koop hier ons jongste publikasies en meer.

shop.clf.co.za